# Openbaring 12 Reeks (2018)

## *003 (Die tweede dier) 18-02-2018*

**Wanneer ons Openbaring ondersoek, moet ons onthou ons is nie besig om onsself te bekwaam met kennis om vir ander mense te sê hoe slim ons is en hoe dom hulle is nie.**

**Dit is openbaringe wat Yahshua aan Johannes gegee het, nadat Hy opgevaar het.**

**Ons is aan die einde van die dae en die openbaringe gaan oor die einde van die dae. Dit moet vir ons 'n nut hê. Daardie nut is, dat ons kan sien wat om ons aangaan.**

**Hierdie is nie 'n "voorspelling" van wat gaan kom nie, dit is huidiglik aan die gebeur.**

**Ons het nou al klaar die eerste dier gesien. Ons het gesien dat dit die Romeinse Ryk is, wat oorgegaan het na die Romeinse Kerk, wat vandag nog aan bewind is.**

**Die eerste dier het nie verdwyn nie. Daar het net 'n tweede dier bygekom. In hierdie aflewering, kyk ons na die tweede dier.**

**Onthou, die bene van Daniël se beeld, was van yster. (Die Romeinse Ryk)**

**Die voete was van yster én klei. Die klei, is die tweede dier.**

*Openbaring 13:11 En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. 12 En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. 13 Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. 14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. 15 En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.*







*Openbaring 13:1 En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.*







*Daniël 12:4 En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.*

**1776 - 'n Belangrike datum.**




**Weggesteekte NWO tekens**

Volgens numerologie beteken "13" vernietiging van die oue en die begin van die nuwe. "Re-birth, Independence"




- 13 original colonies,
- 13 signers of the Declaration of Independence,
- 13 stripes on the flag,
- 13 steps on the Pyramid,
- 13 letters in, 'Annuit Coeptis,'
- 13 letters in 'E Pluribus Unum,'
- 13 stars above the Eagle,
- 13 bars on that shield,
- 13 leaves on the olive branch,
- 13 fruits, and if you look closely,
- 13 arrows.
















pentagram









**STONEHENGE**

















**BAALABAK**



Baalabak/Baalbak/Baalbeck, Lebanon's greatest Roman treasure, can be counted among the wonders of the ancient world. These are not only the largest and most noble Roman temples ever built, but they are also among the best preserved.Towering high above the Beqaa plain, their monumental proportions proclaimed the power and wealth of Imperial Rome.

The gods worshipped here, the Triad of Jupiter, Venus and Mercury, were grafted onto the indigenous deities of fertility. Local influences are also seen in the planning and layout of the temples, which vary from the classic Roman design. Over the centuries Baalbeck's monuments suffered from theft, war and earthquakes, as well as from numerous medieval additions, Fortunately, the modern visitor can see the



Greek design can be found everywhere in Washington, DC. The Supreme Court building, the White House, the Jefferson Memorial, the Lincoln Memorial, and even the Capitol Building feature pillared entries, decorative friezes, and white stone construction like the ancient buildings found in Greece.

August 7, 1880 at precisely 10:59am the cornerstone of the **Washington Monument obelisk** was laid just as the Sun passed over Sirius.

The day the foundation stone for the **White House** was laid, the Moon entered the same 23rd degree of Virgo as the Dragon's Head node.

September 18th, 1793, the Sun was also passing through this degree of Virgo when the **Capitol building** was founded.

When the **Library of Congress** was founded the Sun and Saturn were in conjunction in Virgo.

And when the **Scottish Rite Freemason "House of the Temple"** cornerstone was laid on October 18th, 1911, the Moon and Venus were conjunct in Virgo.

***"The chances of this being mere coincidence are so remote that we must assume that whoever was directing the planning of Washington, D.C., not only had a considerable knowledge of astrology, but had a vested interest in emphasizing the role of the sign Virgo …***

## Astrologie, 'n godsdiens van die NWO, en DC is gebou op hierdie fondament

The connection between Washington, D.C. and astrology doesn't end with the capital's buildings. Astrological timing determined the original choice for the presidential inauguration date. The founding fathers, many of whom were Masons and therefore astrologically savvy, chose the first week of March for the inauguration because on that day the Sun, in the sign of Pisces, created a trine (favorable 120 degree angle) to the Scorpio Sun on Election Day in November and most importantly, the Cancer Sun of the birthday of the United States on July 4. Each of these is a water sign, and the intention of the founding fathers was to establish a beneficial grand water trine to ensure harmonious adjustment.

Ovason concludes that two centuries ago, designers George Washington, L'Enfant and Ellicot sought to align the city, and therefore the nation, with the stars, knowing that the power of the combination of the celestial and earthly would affect its destiny. He writes, "A city that is laid out in such a way that it is in harmony with the heavens is a city in perpetual prayer. It is a city built on the recognition that every human activity is in need of the sanctification of the spiritual world, of which the symbol is the light of the living stars."

## Astrologie en die Zodiac

A zodiac sign is the portion of the zodiac occupied by the Sun at the moment of your birth. Because the Sun resides in each sign of the zodiac for about a month, those signs are also known as *Sun signs*.



Astrologie en die Kerk



Main floor of the basilica mirrors the heavens and stars along with the zodiacal signs from the Basilica santa maria degli angeli e dei martiri Rome, Italy Republicca Plaza, Rome Italy.

Astrologie en die Romeinse Kerk



This one is from the church in the Monastery of the Saviour in Mani (Greece). More details here

Astrologie en die Romeinse Kerk

This one is from the church in the Monastery of Barsana in Romania.



*Openbaring 13:14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle **'n beeld moet maak** vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.*

**Die beeld van die EERSTE DIER**



**Die beeld van die TWEEDE DIER**



*St. Peters Katerdraal in London*



**... 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang**

Die "edel" stigters van Amerika

























**Alle lande word onderwerp**







*Openbaring 13:13 Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs **vuur uit die hemel laat neerdaal** op die aarde voor die oë van die mense.*

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE